

**16 Augustus**

**Skrifgedeelte: Josua 22:1-34 (OAV)  
Fokusgedeelte: Josua 22:5,19,26,27,34**

### **Vind eenheid in die Here!**

Die land wat die Here aan sy volk gegee het word geografies in twee dele verdeel, naamlik oos en wes van die Jordaanrivier. Die stamme Ruben, Gad en die halwe stam Manasse het die ander stamme enduit gehelp om die weste te verower. Hulle het as 'n eenheid geveg. Nou word hulle eervol ontslaan en kan hulle na hul eie gebiede in die ooste gaan. Met 'n laaste vermaning en aanmoediging om die Here bo alles lief te hê, word daar met seënwense van hulle afskeid geneem.

Diep onder die indruk van dit wat hulle aan mekaar bind, rig hulle 'n groot altaar aan die westekant van die Jordaanrivier op. Dit moes as 'n gedenkteken dien dat hulle getrou aan die Here en aan die Wes-Jordaanse stamme sal bly.

Hierdie stamme beskou die daad egter as "troubreuk" teenoor die Here en hulself: Hulle vrees dat die twee en 'n halwe stam gaan afstig en hul eie godsdienste gaan stig, want hulle het hul eie altaar gebou. Nou word almal vir oorlog opgekommandeer. Genadiglik word daar eers 'n afvaardiging gestuur wat hulle tot bekering moes roep. Vreeslike beskuldigings word rondgegooi en haastige veroordelings volg. Die wes-groep was besorg dat hul oos-broers weg sou dwaal van die Here. Laasgenoemde se bedoeling was juis om die altaar te gebruik om hulle aan die Here en hulle broers te bind. Uiteindelik aanvaar hulle die Oos-Jordaanse stamme se goeie bedoelings en prys hulle die Here dat hulle in vrede uit mekaar kan gaan.

'n Broederlike gesprek het die twee strydende partye uiteindelik bymekaar gebring. Hulle vind mekaar in die belydenis dat die Here God is.

Só moet Christene, as broers en susters in hul verbondenheid aan God se liefde in Christus, in vrede met mekaar saamwoon.

Sing: Psalm 133:1,2

Ds AH Stavast (Mosselbaai)